5 April 2022

FAMILIENUUS 414

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Welkom in die tweede kwartaal. Dit is Paastyd.

Ons staan stil voor die grootheid van Jesus se sterwe en opstanding. Hiersonder het ons geen bestaansrede nie. Ons kan nie preek of lidmate besoek of vergaderings hou sonder om die Paasgebeure deel daarvan te maak nie. Lidmate kan nie dienswerk lewer en dankoffers gee en uitreike doen sonder dat die waarhede van Paastyd sentraal in hulle geloofsverhouding met God is nie. Ons kan ons kinders en jongmense nie op die geloofspad begelei sonder dat hulle telkens weer die Paas-Evangelie van Jesus Christus hoor en inneem en omarm nie.

Jesus se bediening het daaruit bestaan om mense langs die pad hierdie Evangelie te laat hoor en sien en beleef. Stukkende mense. Vyandige mense. Kerkmense. Grootmense. Kinders. Uitgeworpenes. Elite. Almal.

Dis nog steeds die kerk – elke gemeente – se roeping.

Francois Retief

LERAARS

Marco la Grange van Koedoeskop het die beroep na Lux Mundi aangeneem en word op 10 April in die gemeente bevestig.

Stefan Fourie van Parow-Panorama het die beroep as leraar na *kerksondermure* aangeneem.

Daan Klopper is as Diensleraar na Lux Mundi beroep.

RINGE

Daar is skuiwe in die samestelling van ons ringe. Die Sinodale Diensraad het na 'n lang proses – en in terme van die Kerkorde en Familiereëls – toestemming gegee dat gemeentes kan skuif. Hierdie is nie 'n ligtelike proses nie. Die Sinodale Diensraad gee hiermee ruimte sodat nuwe verbande gevorm kan word.

Die **Ring van Elarduspark** bestaan dus voortaan uit Elarduspark, Oosterlig en *kerksondermure*. Die nuwe ring sal eersdaags oor 'n naam besluit.

Moreletapark en Ermelo-Oos is in die proses om 'n ring te vorm.

CMR MPUMALANGA

Die Direkteur van CMR Mpumalanga het onlangs afgetree. **Susan Louw** het baie energie en strategiese denke gebring na die CMR – daar is groot waardering vir haar dienswerk!

Sonja van Niekerk is aangestel as die nuwe Direkteur van CMR Mpumalanga. Sonja is reeds vir baie jare in diens van CMR – as maatskaplike werker op Ermelo, later as supervisor / bestuurder vir die Ring van Ermelo en ook wyer. Haar eggenoot is Jaco van Niekerk, leraar van die NG Kerk Ermelo.

Baie geluk met die aanstellings, Sonja! Die CMR is steeds die naaste missionale vennoot van die gemeentes in Oostelike Sinode. Die impak van die CMR en haar maatskaplike werkers tydens die pandemie lê nog baie vars in ons geheues.

Ons gemeentes is geroep om baie naby aan die plaaslike CMR te beweeg - só naby dat ons kan handevat...

SINODESITTING 2022

Die Sinodale Diensraad het besluit om **Sinodesitting** te hou op **Maandag 1 – Woensdag 3 Augustus** by die kerkkompleks van Pierre van Ryneveld.

Ons het reeds die eerste **geloofsbriewe** van gemeentes ontvang. Ons heg die proforma-geloofsbrief weer hier aan.

Hoekom 'n Sinodesitting? Ons moet saam reflekteer oor waar die gemeentes van Oostelike Sinode nou is in terme van ons missionale roeping; ons moet leiers vir die Sinode aanwys; ons wil toegerus word om ons roeping weer te verstaan en met energie uit te leef; ons moet besin oor die kern van ons verhoudinge as sinode...

IN PAS

Die Algemene Sinode se Taakspan Missionale Opleiding het 'n handleiding opgestel met die mooi titel In Pas. Die bedoeling is dat die gemeente in pas sal wees met God se plan in die wêreld.

Die handleiding is gratis beskikbaar by www.inpas.co.za .

FINANSIëLE STATE 2021/22

Dis weer daardie tyd van die jaar waar kerkrade moet toesien dat die gemeente se finansiële state opgestel word.

Hierdie is 'n baie belangrike bestuursverantwoordelikheid van die kerkraad. Dis nie maar net 'n kantoorpersoneellid se verantwoordelikheid nie. Die resultate van die gemeentes se finansiële bedrywigheid vir die afgelope jaar, die finansiële posisie van die gemeente asook die begroting vir die volgende jaar is 'n kerkraadsverantwoordelikheid. Help asseblief die personeel om die kerkraad hiermee te help.

Die Sinode gebruik 'n baie spesifieke formaat vir die finansiële state. Daar is baie goeie redes hiervoor. Dit help die gemeentes om inligting maklik te kan gebruik. Die Sinode moet weer die state van gemeentes kompileer vir verdere berekenings wat gemaak word. Verslae moet opgestel word. Die Ontvanger van Inkomste verlang inligting om die Openbare Weldaad-Organisasie – status (OWO) van die gemeente na te gaan.

Moet asseblief geen ander formaat gebruik nie.

Dankie vir die kantoorpersoneel wat verseker dat alles netjies en ordelik verloop met die fondse wat aan 'n gemeente toevertrou word deur lidmate.

PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Theo Smith van die Penisoenkantoor gee inligting oor die begrafnispolis wat nou deel geword het van predikante se pensioenpakket. Maak asseblief seker dat die premie maandeliks oorbetaal word. Ons stuur hiermee die hele pakkie korrespondensie.

VERGOEDINGSRIGLYNE

Ons het 4 Desember 2021 vergoedingsriglyne aan gemeentes gestuur, maar ons het histories aanpassings gemaak wanneer die SAID hul reiskoste tabelle opdateer het. Hiermee die oorspronklike brief uitgestuur, asook die aangepaste riglyn rakende vervoertoelae. Enige navrae kan gerig word aan my by finans@sinoos.co.za, of u kan my skakel by 012 804-9543.

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za .

BybelMedia vertel ons meer van hulle produkte asook maniere waarop lidmate en gemeentes hulle groot werk kan ondersteun.

'n Seminaar aangebied deur Unlimited Prayer Frontiers word by **Moreletapark** aangebied. 'n Pamflet met meer inligting word hier aangeheg.

Die **Hugenote Kollege** gee inligting oor twee kursusse: **Pelgrimstogte en Opleiding in Antieke Tale.**

ONS WEBWERF EN SINODEHUIS-PERSONEEL

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

'n Belangrike stukkie administrasie in elke kerkkantoor is die **Inventarisvorm**. Die **Inventarisvorm** word hier aangeheg met die versoek dat dit asseblief spoedig na die Sinodehuis by argief@sinoos.co.za teruggestuur word.

VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan elkeen wat tot 18 April verjaar. Seënwense!

PREDIKANTE

6 April - Fredrick Wilson, Lydenburg-Suid
7 April - Elbert De Kock, Letsitele
8 April - Teodor van der Spuy, Moreletapark
9 April - Chris Lötter, Rayton
13 April - Maans van Zijl, Witbank-Suid

EMERITI

6 April - Attie van Niekerk, ISWEN by UP 2007
6 April - Lemmer Venter, Lydenburg 2011
7 April - André Kok, Olifantsfontein 2019
7 April - Kobus van Zyl, Doornkloof 2003
9 April - Ronald Murray, Lynnwoodrif 2014
13 April - Nic Grobler, Pretoria-Oosterlig 2007
17 April - Barry van der Merwe, Letsitele 2013
17 April - Faure Louw, Elarduspark 2009
18 April - Jan Grey, Pretoria-Oosterlig 2008

GEMEENTES

14 April - Piet Retief (134)
15 April - Wakkerstroom (161)
17 April - Pretoria-Faerie Glen (45)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIEK HIER.

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieër of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is.
Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.
Please immediately contact the sender if you have received this message in error.